- Dit is gedagterevolusie in die bestuur, $\frac{1}{2}$ waar die hele besigheid met alle kliëntebedrywighede, kliëntgeoriënteerd is. $\frac{1}{2}$
- TGB stel besighede in staat om voortdurend te verbeter op die lewering van produkte / dienste $\frac{1}{2}$ ten einde die behoeftes van kliënte te bevredig. $\frac{1}{2}$
- Bestuur verseker dat elke werknemer verantwoordelik is vir die kwaliteit $\frac{1}{2}$ van sy / haar werk / optrede. $\frac{1}{2}$

Enige ander relevante antwoord rakende definisie van TKB

(5)

5.7 5.7.1 **Kwaliteitbegrippe**

STELLING UIT SCENARIO	KWALITEITBEGRIP
Mary is die produksiebestuurder wat moet seker maak dat kwaliteittoetse gedurende en na die produksieproses uitgevoer word om seker te maak dat kwaliteitprestasie behaal word. #½	Kwaliteitsversekering 1½½
Leur prestasie te meet en korrektiewe stappe uit te voer. #½	Kwaliteitsbeheer 1½½
Sy bestuur al die aktiwiteite wat nodig is om te verseker dat RB konstant, met hoë standaard, koeke lewer. #½	Kwaliteitsbestuur 1½½
Submaks (3)	Submaks (6)

Maks (9)5.7.2 **Voordele van 'n goeie kwaliteitbeheerstelsel**

- Verhoogde klante tevredenheid ½a.g.v. beter produkte. ½
- Effektiewe gebruik van hulpbronne ½en tyd. ½
- Verhoogde produksie ½a.g.v. goeie tydbestuur. ½
- Konstante verbetering van produkte / dienste ½wat lei tot hoër klanttevredenheid. ½
- Visie / Missie / Doelwitte van die besigheid ½word bereik. ½
- Verhoog mededingendheid van besigheid ½bo mededingers. ½
- Werkers se vaardighede verhoog ½a.g.v. deurlopende opleiding. ½
- Werkgewer en werknemers het gesonde verhouding ½wat sal lei tot gelukkige / produktiewe werkersmag. ½
- Markaandeel ½verhoog asook winsgewendheid. ½

Enige ander antwoord verwant aan die voordele van goeie kwaliteit bestuurstelsel

Maks (8)

5.8 Wyses waarop die besigheid die kwaliteit van die aankoopfunksies kan verbeter

- Koop groothandel teen laer pryse. $\frac{1}{2}$
- Gebruik betroubare verskaffers wat goeie kwaliteit teen goeie pryse lewer. $\frac{1}{2}$
- Plaas bestellings betyds en volg op sodat aflewering betyds is. $\frac{1}{2}$
- Sorg vir effektiewe koördinasie tussen die aankoop- en produksiedepartemente sodat die personeel van die aankoopdepartement die behoeftes van die produksieposes ken. $\frac{1}{2}$
- Die regte hoeveelhede moet op die regte tyd / plek gelewer word. $\frac{1}{2}$
- Implementeer goeie voorraadbeheer stelsels met goeie veiligheid van voorraad. $\frac{1}{2}$
- Handhaaf optimum voorraadvlakke sodat daar nie te min voorraad / verouderde voorraad is nie. $\frac{1}{2}$
- Moniteer en rapporteer minimum voorraadvlakke om te voorkom dat besigheid nie voorraad het nie. $\frac{1}{2}$
- Effektiewe gebruik van spasie / Handhaaf kwaliteit van produkte terwyl dit gestoor word. $\frac{1}{2}$
- Maak verskaffers betrokke in die strategiese beplanning/produkontwerp/keuse van materiaal/kontrole proses. $\frac{1}{2}$
- Bou verhoudinge met verskaffers sodat hulle inkoop in die besigheid se visie / missie / waardes. $\frac{1}{2}$
- Kry deeglike begrip van die bestuur van die verskaffersketting. $\frac{1}{2}$

Enige ander relevante antwoord verwant aan die gehalteeaanwysers van die aankoop funksie

Maks (8)**[60]****UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG	PUNTE
5.1	6
5.2	8
5.3.1	2
5.3.2	2
5.4	6
5.5	6
5.6	5
5.7.1	9
5.7.2	8
5.8	8
TOTAAL	60

VRAAG 6: ALGEMEEN**SAKEOMGEWINGS****6.1 Besigheidsomgewings uit die scenario**

BESIGHEIDSOMGEWING		MATE VAN BEHEER
6.1.1	Mikro ½	Volle beheer ½
6.1.2	Mark ½	Min beheer / Geen beheer maar kan beïnvloed ½
6.1.3	Makro ½	Geen beheer ½
Submaks (3)		Submaks (3)

LET WEL:

- 1. Antwoorde hoef nie in tabelvorm te wees nie.**
- 2. Die mate van beheer moet skakel met die omgewing.**
- 3. Geen punte word toegeken slegs vir die mate van beheer nie. Maks (6)**

6.2 Voorsienings van die WBDV**6.2.1 Etenstyd en rusperiodes**

- Werkers moet 60 minute breek vir ete kry ½ nadat hulle vyf aaneenlopende ure gewerk het. ½
 - Hierdie tyd kan verminder word ½ indien hulle minder as 6 ure per dag werk. ½
 - Werker moet daaglikse rusperiode kry ½ van 12 aaneenlopende ure ½ / weeklikse rusperiode van 36 aaneenlopende ure ½ wat Sondag moet insluit. ½
- Enige ander relevante antwoord verwant aan rusperiodes en etenstyd soos vervat in WBDV Submaks (2)

6.2.2 Jaarlikse verlof

- Werkers is geregtig op 21 aaneenlopende dae ½ jaarlikse verlof ½ / Een dag ½ vir elke 17 dae gewerk ½ / Een uur ½ vir elke 17 ure gewerk. ½
 - Werker mag sleg uitbetaal word vir verlof ½ indien hy / sy die werk verlaat. ½
- Enige ander relevante antwoord verwant aan jaarlikse verlof soos vervat in WBDV. Submaks (2)

6.2.3 Familie verantwoordelikeverlof

- Drie tot vyf (3 to 5) betaalde dae per jaar op versoek ½ in die geval wanneer die werkers se vrou / lewensmaat sterf. ½
- Geld vir lewensmaat / ouer / grootouer / kind / aangenome kind / kleinkind / broer of suster. ½
- Werkgewer kan aandrang op geldig bewyse ½ voordat verlof toegestaan word. ½
- Manlike werknemers is geregtig op maksimum van drie / vyf dae kraamverlof ½ wanneer sy kind gebore word. ½

Enige ander relevante antwoord verwant aan familie verlof soos vervat in WBDV

Submaks (2)

Maks (6)

SAKEGELEENTHEDE**6.3 Ondernemingsvorm
Voordele van staatsbeheerde maatskappye**

- Wins mag gebruik word om ander staatsdepartemente te finansier /verminder belasting.
 - Genereer inkomste om sosiale programme te finansier.
 - Werkskepping vind plaas op alle vaardigheidsvlakke.
 - Lewer noodsaaklike dienste wat nie deur privaat sektor gelewer word nie.
 - Pryse word op redelike vlak gehou om goeie kompetisie met die privaat sektor om dienste meer bekostigbaar te maak.
 - Onnodige duplisering van dienste word geëlimineer.
 - Beplanning word gekoördineer deur sentrale beplanning.
- Enige ander relevante voordeel van staatsbeheerde maatskappye.

Maks (6)**6.4 Verduideliking van likiditeit**

- Kapitaalbelegging moet belê word in belegging waar dit maklik is om dit om te skakel in kontant.
- Dit is term om te bepaal hoe vinnig en hoe maklik dit is om die belegging te omskep in kontant.
- Voorbeeld: belegging in spaarrekening kan makliker omskep word in kontant as belegging in vaste deposito vir vaste periode.

Enige ander relevante antwoord rakende die verduideliking van likiditeit wanneer beleggingsbesluit gemaak word.

Maks (4)**6.5 Berekening van rente****OPSIE 1**

Jaar 1:	R50 000 x 8%	=	R 4 000
Jaar 2:	R54 000 x 8%	=	R 4 320
Jaar 3:	R58 320 x 8%	=	R 4 665,60
Totale rente		=	R 13 000

OF**OPSIE 2**

$$P(1+i)^n - P$$

$$50\,000 \frac{1}{4} (1+0,08)^{3\frac{1}{2}} \text{ OF } 50\,000 \frac{1}{4} (1,08)^{3\frac{1}{2}} \text{ OF } 50\,000 \frac{1}{4} (1,26)^{\frac{1}{2}} - 50\,000$$

$$= R\,13\,000$$

LET WEL:

1. Ken volpunte (4) toe indien die antwoord korrek is en geen bewerking getoon word nie.
2. Indien bewerking getoon word, maar die antwoord is verkeerd, ken DRIE punte toe.
3. As die antwoord verkeerd is, ken EEN punt toe vir begrip van die konsep of metode.
4. As daar geen bewerking is nie en die antwoord is foutief, ken NUL punte toe.

Maks (4)

6.5.2 Eenvoudige rente

- Word bereken op die oorspronklike kapitaalbedrag en nie op opgelope rente nie.^½
- Word bereken op die oorspronklike/inisiële bedrag wat belê is.^½
- Die oorspronklike bedrag bly dieselfde vir die volle tydperk van die belegging.^½
- Rente wat verdien is in vorige periodes word nie in aanmerking geneem vir die volgende periode se berekening nie.^½

Enige ander relevante antwoord rakende eenvoudige rente

Maks (4)

SAKEROLLE**6.6 Diversiteitskwessies**

6.6.1 Geslag^{1½}

6.6.2 Ouderdom^{1½}

6.6.3 Gestremdheid^{1½}

(6)

6.7 Wyses om omgewing en menslike gesondheid te beskerm

- Hou by wette oor omgewingsbewing^½ sodat wins nie gemaak word ten koste van die omgesinwing nie.^½
- Gee aandag aan die korrekte manier^½ om van alvalstowwe ontslae te raak.^½
- Raak betrokke in omgewingsbewarings^½ projekte.^½
- Beskerm die omgewing deur produksietegniese aan te pas^½ en gebruik te maak van skoner, groener tegnologie.^½
- Toets water vir menslike gebruik^½ voordat dit gebruik word.^½
- Bevorder natuurbewaring ^½ deur te kyk na natuurlike hulpbronne.^½
- Verminder besoedeling^½ en herwin / hersirkuleer afvalstowwe.^½
- Verminder die gebruik van goedere/dienste^½ wat sleg is vir die omgewing.^½
- Verseker dat die werksomstandighede^½ van werkers veilig is vir die werkers.^½
- Registreer/skakel met instansies/liggame^½ wat groenbewustheid bevorder.^½
- Verseker dat fisiese werksomstandighede^½ veilig is vir mense.^½
- Voed werkers op^½ oor higiëne kwessies.^½
- Moedig mense aan om gereeld te gaan^½ vir gesondheidstoetse.^½
- Sorg dat masjiene^½ gereeld onderhou word.^½
- Moedig mense aan^½ om gereeld gesondheidstoetse te ondergaan.^½

Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die omgewing en menslike gesondheid

Maks (8)

SAKEBEDRYWIGHEDE**6.8 Elemente van TKB**

6.8.1 Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels 1½

6.8.2 Deurlopende Vaardigheidsontwikkeling 1½

6.8.3 Totale Verbruiker / klantetevredenheid 1½

6.8.4 Voldoende kapitaal en kapasiteit 1½

(8)**6.9 Redes vir die beeïndiging van 'n dienskontrak**

- Die werkgewer mag die werknemer ontstaan vir geldige rede(s) bv. onbevredigende werksprestasie, wangedrag, ens. 1½
- Werkgewer het nie langer werk vir oortollige werkers / kan nie die kontrak instandhou nie / herstruktureer. 1½
- Die werkgewer mag sommige werknemers aflê as gevolg van insolvensie / nie in staat om werknemers te betaal nie. 1½
- Die werknemer besluit om vrywillig te bedank. 1½
- Werknemer het voorafbepaalde ouderdom vir aftrede bereik. 1½

Enige ander relevante antwoord rakende die beeïndiging van dienskontrakte

Maks (8)
[60]**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG	PUNTE
6.1	6
6.2	6
6.3	6
6.4	4
6.5.1	4
6.5.2	4
6.6	6
6.7	8
6.8	8
6.9	8
TOTAAL	60

AFDELING C

Sien slegs die eerste TWEE vrae na.

VRAAG 7: SAKE-OMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)**7.1 Inleiding**

- Porter se Vyf Magte model help die besigheid om die krag van sy huidige kompetisie te verstaan asook die voordele van uitbreiding.^½
- Porter se Vyf Magte model is gebaseer op vyf belangrike magte wat die kompeterende kragte in die markomgewing sal bepaal.^½
- Besighede moet strategieë identifiseer en implementeer om hulle prestasie te verbeter/reageer op uitdaging wat in die besighedsomgewing is.^½
- Internsiewe en defensiewe strategieë stel die besigheid in staat om die uitdagings in die mark en makro-omgewings te oorkom.^½
- Die doel van strategie evaluering is om te bepaal op gekose strategie die geïdentifiseerde uitdagings aangespreek het.^½

Enige ander relevante inleiding wat verband hou met Porter se Vyf Magte model / implementering van defensiewe en intensiewe strategieë / evaluering van strategieë

Maks (2)

7.2 Porter se Vyf Magte model**7.2.1 Mag van Verskaffers^½**

- Besigheid moet meet hoeveel mag het die verskaffer^½ om pryse te beïnvloed.^½
- Hoe meer mag die verskaffer^½ hoe minder mag het die besigheid.^½ Hoe kleiner die aantal verskaffers, hoe meer mag het hulle.
- Hoe kleiner die aantal verskaffers, hoe meer mag het hulle^½ omdat die keuse van verskaffer klein is^½
- Die besigheid moet die tipe mag van sy verskaffer identifiseer^½ in terme van kwaliteit of produkte / dienste / betroubaarheid / beskikbaarheid om produkte/dienste te lewer.^½

Enige ander relevante antwoord oor die mag van verskaffers

Mag (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

7.2.2 Mag van kopers^{1/2}

- Kopers wat in groot maat koop^{1/2} kan pryse beïnvloed. ^{1/2}
- Die besigheid moet meet hoe maklik dit vir kopers is ^{1/2} om pryse te laat daal. ^{1/2}
- Dit word bepaal deur die aantal kopers / belangrikheid van die kopers vir die besigheid ^{1/2} en die koste om oor te skakel na ander produkte. ^{1/2}
- Indien die besigheid te doen het met sterk kopers ^{1/2} is hulle dikwels instaat om terme aan die besigheid voor te skryf. ^{1/2}
- Indien kopers sonder die besigheid se produkte kan klaarkom ^{1/2} kan hulle pryse en voorwaardes voorskryf. ^{1/2}
- Besighede moet marknavorsing doen ^{1/2} om meer inligting te kry oor hul kopers. ^{1/2}

Enige ander relevante antwoord oor die mag van kopers

Mag (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

7.2.3 Mag van mededingers^{1/2}

- Die aantal mededingers wat dieselfde/soortegelyke produk/diens verkoop ^{1/2} het het groter impak om pryse te beheer / beïnvloed. ^{1/2}
- Indien mededingers unieke produk het, ^{1/2} kan hulle groter beheer uitoefen. ^{1/2}
- Besigheid met baie mededingers ^{1/2} het nie baie mag in die mark nie. ^{1/2}
- Besigheid moet profiele van sy mededingers opstel ^{1/2} sodat hulle hul eie mag kan bepaal. ^{1/2}
- Sommige mededingers het die nodige hulpbronne om prysoorloë te voer ^{1/2} en kan selfs teen verlies verkoop totdat die mededingers uit die mark is. ^{1/2}

Enige ander relevante antwoord oor die mag van mededingers

Mag (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

7.2.4 Bedreiging van substitute^{√√}

- Besighede moet bepaal of die verkopers van substituuat produkte, hulle produk verbeter het ^{1/2} of teen laer kwaliteit en teen laer pryse verkoop. ^{1/2}
- Indien produkte maklik geruil kan word vir substitute ^{1/2} is swak dit sy mag in die mark. ^{1/2}
- Substituut produkte kan veroorsaak dat die besigheid ^{1/2} sy markaandeel verloor. ^{1/2}
- Unieke produkte ^{1/2} word nie maklik bedreig deur substitute nie. ^{1/2}
- Besighede moet marknavorsing doen ^{1/2} om te bepaal of verbruikers rede het om substitute te gebruik. ^{1/2}
- Dit is belangrik dat die besigheid moet aanpas ^{1/2} om hulle produkte te verbeter om mededingend te bly. ^{1/2}

Enige ander relevante antwoord oor die mag van mededingers

Mag (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

7.2.5 Hindernisse tot toetrede tot die mark^{1/2}

- Die mag van die besigheid word bepaal deur hoe maklik dit vir nuwe mededinger is ^{1/2}om tot die mark toe te tree.^{1/2}
- As die besigheid baie winsgewend is^{1/2} sal dit potensiële mededingers trek om ook te deel in die hoë winste.^{1/2}
- As die hindernisse min is om die mark te betree^{1/2}dan sal dit maklik wees vir nuwe besighede om die mark/industrie te betree.^{1/2}
- Nuwe mededingers kan vinnig / maklik die mark betree^{1/2}as dit min tyd en geld verg om die mark te betree. ^{1/2}
- As daar min verskaffers van die produk / diens is en baie kopers^{1/2}is dit maklik om die mark te betree.^{1/2}

Enige ander relevante antwoord oor die hindernisse tot toetrede tot die mark

Mag (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

**LET WEL: Die krag / mag moet volledig gegee word om TWEE (2) punte te kry
Maks (20)**

7.3 Tipes diversifikasie strategieë**7.3.1 Konsentriese diversifikasie^{√√}**

- Die besigheid voeg nuwe produk of diens by wat verband hou met bestaande produkte en wat beroep sal doen op nuwe kliënte.^{1/2}
- Kom voor wanneer besigheid sy produke reeds en markte wil verhoog.^{1/2}

Enige ander relevante antwoord verwant aan konsentriese diversifikasie as diversifikasie strategie

Tipe (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

7.3.2 Horisontale diversifikasie^{√√}

- Die besigheid voeg nuwe produkte of dienste by wat nie verband hou met / verskil van bestaande produkte, maar wat beroep mag doen op bestaande / huidige kliënte.^{1/2}
- Kom voor wanneer besigheid ander besigheid verkry/oorneem of saamsmelt met wat in dieselfde produksie stadium is, maar dit mag ander produk bied.^{1/2}

Enige ander relevante antwoord verwant aan horisontale diversifikasie as diversifikasie strategie

Tipe (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

7.3.3 Konglomeraat diversifikasie√√

- Die besigheid voeg nuwe produkte of dienste by wat nie verband hou met bestaande produkte wat beroep kan doen op nuwe groepe klante. $\frac{1}{2}$
 - Verspreiding van konglomeraat beteken dat besigheid groei in nuwe produkte, dienste en markte. $\frac{1}{2}$
 - Kom voor wanneer besigheid sy produkreeks en markte wil verhoog. $\frac{1}{2}$
- Enige ander relevante antwoord verwant aan konglomeraat diversifikasie as diversifikasie strategie

Tipe (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

Maks (12)**LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.****(3 x 4) (12)**

7.4 Effektiwiteit / voordele van intensiewe strategieë

- Verhoog markaandeel $\frac{1}{2}$ en is dus minder kwesbaar vir mededingers se aksies. $\frac{1}{2}$
- Beheer oor pryse $\frac{1}{2}$ mag verhoog / verbeter. $\frac{1}{2}$
- Verhoog verkope $\frac{1}{2}$ en winsgewendheid. $\frac{1}{2}$
- Verbetering van dienslewering $\frac{1}{2}$ kan positiewe impak / verhoging van verkope meebring. $\frac{1}{2}$
- Besighede kan meer beheer hê $\frac{1}{2}$ oor pryse van produkte / dienste. $\frac{1}{2}$
- Klanteloyaliteit word verkry $\frac{1}{2}$ deur effektiewe reklameveldtogte. $\frac{1}{2}$
- Afname in pryse $\frac{1}{2}$ kan daartoe lei dat verkope styg. $\frac{1}{2}$
- Gewone verkope aan bestaande klante $\frac{1}{2}$ mag vermeerder. $\frac{1}{2}$
- Mededingers word uitgeskakel $\frac{1}{2}$ en markpryse word oorheers. $\frac{1}{2}$
- Stel die besigheid in staat om te fokus op mark/goed nagevorste kwaliteit produkte $\frac{1}{2}$ wat die behoeftes van klante sal bevredig. $\frac{1}{2}$

Enige ander relevante antwoord verwant aan die effektiwiteit / voordele van intensiewe strategieë

Maks (6)

7.5 Stappe om strategie te evalueer

- Ondersoek die onderliggende basis van die strategie. $\frac{1}{2}$
 - Formuleer strategieë om die doelwitte te bereik. $\frac{1}{2}$
 - Implementeer die strategieë met aksieplanne. $\frac{1}{2}$
 - Kyk terug en vorentoe na die implementeringsproses. $\frac{1}{2}$
 - Vergelyk die werklike met die verwagte resultate. $\frac{1}{2}$
 - Meet die besigheid se prestasie om die afwykings reg te stel. $\frac{1}{2}$
 - Neem korrektiewe stappe sodat afwykings aangespreek word. $\frac{1}{2}$
 - Stel spesifieke datums vir opvolg. $\frac{1}{2}$
 - Stel tabel op met voordele en nadele van die strategie. $\frac{1}{2}$
 - Besluit op die verlangde uitkoms. $\frac{1}{2}$
 - Oorweeg wat is die impak van die strategiese implementering, intern en ekstern. $\frac{1}{2}$
- Enige ander relevante antwoord rakende die evaluering van strategieë

LET WEL: Aanvaar stappe in enige volgorde.**Maks (8)**

7.6 **Gevolgtrekking / Slot**

- Porter se Vyf Magte model is handig om die krag van die besigheid te analiseer om effektiewe aanpassings in die markomgewing aan te bring.^{1½}
- Hierdie model maak dit vir die besigheid moontlik om vas te stel hoe om die invloed van die verskillende magte in hulle guns te swaai.^{1½}
- Alhoewel die implementering van intensiewe strategieë duur kan wees, kan dit lei tot groei en konstante verbetering.^{1½}
- Besighede moet konstant strategieë evalueer om sodoende te verander / aan te pas by die huidige behoeftes van die mark.^{1½}

Enige ander relevante gevolgtrekking wat van toepassing is op intensiewe strategieë / Porter se Vyf Magte model/evaluering van strategieë

Maks (2)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	2	Maks 32
Porter se Vyf Magte model	20	
Tipes diversifikasie strategieë	12	
Effektiwiteit van intensiewe strategieë	6	
Stappe in evaluering	8	
Gevolgtrekking	2	
INSIG		8
Uitleg	2	
Analise	2	
Sintese	2	
Oorspronklikheid	2	
TOTAAL		40

VRAAG 8: SAKEGELEENTHEDE (VERSEKERING)**8.1 Inleiding**

- Versekering stel die besigheid skadeloos teen verskillende tipes risiko's. ½
- Eienaars van besighede weet baie goed wat die finansiële implikasie op die besigheid is van ongelukke / rampe, daarom maak hulle vroegtydig voorsiening daarvoor. ½
- Versekering speel baie belangrike rol om te verseker dat die besigheid volhoubaar bly. ½
- Versekering is kontrak tussen die versekerde en versekeraar om skadeloosstelling te beid aan die versekerde vir spesifieke gebeure in ruil vir premie. ½

Enige ander relevante inleiding verwant aan versekering

Maks (2)

8.2 Verskille tussen verpligte en nie-verpligte versekering

VERPLIGTE VERSEKERING	NIE-VERPLIGTE VERSEKERING
<ul style="list-style-type: none"> • Dit word verplig deur die wet ½ en moet uitgeneem / betaal word. ½ 	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is vrywillige versekering waar die versekerde die keuse het ½ of hy dit wil uitneem. ½
<ul style="list-style-type: none"> • Dit word deur die regering bestuur ½ en het nie verskeringsmaatskappy nodig nie. ½ 	<ul style="list-style-type: none"> • Die versekerde sal wetlike kontrak met die verskeraar aangaan, ½ hulle mag verteenwoordig word deur makelaar. ½
<ul style="list-style-type: none"> • Betaling vind plaas in die vorm van heffing / bydrae wat in algemene fonds betaal word ½ en dan word die eise teen die fonds ingestel. ½ 	<ul style="list-style-type: none"> • Premies word maandelik/jaarliks betaal aan die versekeraar ½ en verliese word uit-betaal in die geval van genoemde risiko / skade. ½
<ul style="list-style-type: none"> • Voorbeelde: WVF, POF/RAF, COIDA ½ 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorbeelde: Kort termyn versekering soos diefstal en brand / Lang termyn versekering soos lewensversekering, fondspolis, ½ ens.
Enige ander relevante verskil tussen verpligte en nie-verpligte versekering	Enige ander relevante verskil tussen verpligte en nie-verpligte versekering
Submaks (4)	Submaks (4)

- LET WEL:**
1. Die verskille moet nie in tabelvorm te wees nie, maar die verskil moet duidelik wees.
 2. Ken 'n maksimum van SES punte toe indien die verskil nie duidelik is nie. Merk of verpligte of nie-verpligte versekering.

Maks (8)

8.3 Belangrikheid van versekering

- Die risiko word oorgedra vanaf die besigheid/versekerde na die versekerings maatskappy/versekeraar.
 - Die oordra van die risiko is onderhewig aan die terme en voorwaardes van die versekeringskontrak.
 - Beskerm individue/besighede teen verliese soos brand, diefstal, ens.
 - Besighede sal vergoed word vir versekerbare verliese bv. vernietiging van eiendom deur brand. Bates van besighede bv. voertuie/toerusting/geboue moet verseker word teen skade en /of diefstal.
 - Besighede moet beskerm word teen verlies aan inkomste bv. stakings van werknemers waartydens miljoene verloor kan word.
 - Werkgewers word beskerm teen ontrouheid van werkers.
 - Lewensversekering word uitgeneem teen die lewe van die vennote om onverwagse kapitaalverlies te voorkom.
 - Indien die dienste van kernpersoneel verloor word vanweë ongelukke/dood kan die opbrengs van die polis aan die besigheid/naasbestaendes betaal word.
 - Vervangingskoste van beskadigde masjienerie/toerusting is baie hoog daarom kan versekering help om die koste te verlaag/verhaal.
 - Beskerm die besigheid teen eise van lede van die publiek vir skade wat die besigheid veroorsaak het.
 - Beskerm die besigheid teen verliese agv die dood van debiteur.
- Enige ander relevante antwoord rakende die belangrikheid van versekering

Maks (14)

8.4 Beginsels van versekering

Skadeloosstelling

- Dit is van toepassing op kort termynversekering waar die versekerde vergoed word vir spesifieke skade/verlies.
 - Die versekeraar kom ooreen om die versekerde te vergoed vir skade/verliese wat in die versekeringskontrak gespesifiseer word in ruil vir premies wat die versekerde betaal.
 - Die versekerde word verseker teen gespesifiseerde gebeure.
 - Die vergoeding tree net in werking vir moontlike gebeure geen skade, geen vergoeding.
 - Bate vorm basis van polis en die premie word maandeliks aan die versekeraar betaal.
 - Die versekeraar stel die persoon skadeloos vir die skade gely soos ooreengekom in die polis. Die versekerde mag nie wins maak uit versekering nie.
- Enige ander relevante antwoord rakende skadeloosstelling

Beginsel (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Sekuriteit ½

- Dit is van toepassing op lang termyn versekering ½ waar die versekerde ooreenkom om spesifieke bedrag te betaal indien die persoon sou sterf. ½
- n Vooraf ooreengekome bedrag word uitbetaal ½ as die persoon spesifieke ouderdom / besering opdoen ½ ens.
- Die doel is om finansiële sekuriteit te gee vir die persoon ½ of sy familie by afsterwe. ½

Enige ander relevante antwoord rakende sekuriteit

Beginsel (2)
Bespreking (2)
Submaks (2)

Absolute goeie trou / goeie trou √√

- Versekerde moet absoluut eerlik wees ½ oor besonderhede in die versekeringskontrak. ½
- Beide partye moet alle inligting bekend maak ½ wat risiko raak. ½
- Akkurate inligting moet gegee word ½ by indien van eise. ½

Enige ander relevante antwoord rakende goeie trou

Beginsel (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Versekerbare belang √√

- Die versekerde moet bewys dat hy/sy finansiële verlies sal ly ½ indien die objek beskadig sou word / verlore gaan / nie meer bestaan nie. ½
- Versekerbare belang moet in finansiële terme ½ uitgedruk kan word. ½
- Die versekerde moet in wettige verhouding wees met die objek van die kontrak.

Enige ander relevante antwoord rakende versekerbare belang

Beginsel (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)
Maks (16)

8.5 **Verskil tussen oor- en onderversekering**

Oorversekering	Onderversekering
<ul style="list-style-type: none"> Oorversekering is wanneer bate verseker is vir meer as vervangingswaarde.^{1/2} Besighede / individue sal nie meer betaal word as die skade wat gelei is uit nie.^{1/2} Dit beteken dat ekstra betalings op premies nie uitbetaal sal word aan die versekerde nie.^{1/2} Enige ander relevante antwoord rakende oorversekering	<ul style="list-style-type: none"> Dit tree in werking as bate verseker is vir minder as markwaarde.^{1/2} Die versekeraar wil slegs die gemiddeld uitbetaal tussen die werklike en versekerde waarde.^{1/2} Die versekerde sal self die deel van die risiko wat nie verseker is nie, moet betaal.^{1/2} Die versekerde gebruik die awery-formule om die bedrag te bereken wat uitbetaal moet word.^{1/2} Enige ander relevante antwoord rakende onderversekering
Submaks (4)	Submaks (4)

Maks (8)8.6 **Gevolgtrekking / Slot**

- Die versekeringskontrak moet die mootlike risiko's van elke situasie in ag neem.^{1/2}
- Besigheidseiendom / bates moet teen die korrekte / mark waarde verseker word.^{1/2}
- Verpligte versekering verminder die finansiële verliese vir die besigheid.^{1/2}
- Die waarde van versekerde goedere / items moet aangepas word insluitend appresiasie en depresiasie.^{1/2}

Enige ander relevante gevolgtrekking vir versekering

Maks (2)**[40]****UITEENSETTING VAN PUNTE**

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	2	Max 32
Verpligte en nie-verpligte versekering	16	
Belangrikheid van versekering	14	
Beginsels van versekering	16	
Verskil tussen oor- en onderversekering	8	
Gevolgtrekking	2	
INSIG		8
Uitleg	2	
Analise	2	
Sintese	2	
Oorspronklikheid	2	
TOTAAL		40

VRAAG 9: SAKEROLLE (SPANPRESTASIE EN KONFLIKBESTUUR)

9.1 Inleiding

- Span is groep persone wat gesamentlike doel nastreef.^½
- Spanleiers moet deeglik ingelig wees oor die stadiums van spanontwikkeling om die nodige leiding te gee.^½
- Die kriteria om suksesvolle spanne te assesseeer stel lede instaat om hulle bydrae tot die projek te assesseeer.^½
- Besighede moet instaat wees om moeilike persoonlikhede te identifiseer en om strategieë te ontwikkel om dit te hanteer.^½

Enige ander relevante antwoord wat toepaslike inleiding sal wees vir spanprestasie

Maks (2)

9.2 Verskil tussen grief en konflik

Griewe	Konflik
<ul style="list-style-type: none"> • Wanneer werknemer ongelukkig is / het probleem / klagte het ^½in die werksplek.^½ 	<ul style="list-style-type: none"> • Botsing van menings / idees / siening punte^½in die werksplek.^½
<ul style="list-style-type: none"> • Dit is wanneer individu / groep ^½ werkverwante kwessie het.^½ 	<ul style="list-style-type: none"> • Verskil tussen twee of meer partye^½in die werksplek.^½
Enige ander relevante antwoord rakende die betekenis van griewe	Enige ander relevante antwoord rakende die betekenis van konflik
<ul style="list-style-type: none"> • Voorbeelde wat dit kan veroorsaak: Diskriminasie, onregverdige behandeling, swak werksomstandighede^½ <p style="text-align: right;">Submaks (5)</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Voorbeelde wat konflik kan veroorsaak: Gebrek aan vertroue; miskommunikasie; persoonlikheids botsings; verskillende waardes^½ <p style="text-align: right;">Submaks (5)</p>

Maks (10)

9.3 Verskillende stadia van spanontwikkeling

Vorming √√

- Individue versamel inligting en indrukke oor mekaar^{1/2} en die omvang van die taak en hoe om dit te benader.^{1/2}
- Dit is gemaklike stadium^{1/2} om in te wees.
- Mensse fokus daarop om met roetines besig te wees, soos spanorganisasie^{1/2} bv. wie doen wat, wanneer om mekaar te ontmoet, ens.^{1/2}

Enige ander relevante feit rakende vorming stadium

Stadium (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Storm √√

- Spanne gaan deur tydperk van ongemak / konflik^{1/2} na vorming.^{1/2}
- Verskillende idees van spanlede sal meeding^{1/2} vir oorweging.^{1/2}
- Spanlede maak oop teenoor mekaar^{1/2} en konfronteer mekaar se idees / perspektiewe.^{1/2}
- Spanning / stryd / argumente vind plaas^{1/2} en ontstel die spanlede.^{1/2} Daar mag magstryd ^{1/2}wees vir die posisie van spanleier.^{1/2}
- In sommige gevalle kan stormprobleme vinnig opgelos word,^{1/2} in ander verlaat die span nooit hierdie stadium nie.^{1/2}
- Baie spanne misluk gedurende hierdie stadium^{1/2} aangesien hulle nie op hul taak gefokus is nie.^{1/2}
- Hierdie fase kan vernietigend vir die span wees/sal negatiewe impak op spanprestasie hê^{1/2} indien dit buite beheer raak.^{1/2}
- Hierdie stadium is nodig / belangrik^{1/2} vir die groei van die span.^{1/2}
- Sommige spanlede verdra mekaar^{1/2} om hierdie stadium te oorleef.^{1/2}

Enige ander relevante feit rakende storm stadium

Stadium (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Normgewing / Skikking / Versoening √√

- Spanlede kom ooreen^{1/2} en bereik konsensus.^{1/2}
- Rolle en verantwoordelikhede is duidelik^{1/2} en word aanvaar.^{1/2}
- Prosesse / werkstyl en respek ^{1/2}ontwikkel onder lede.^{1/2}
- Spanlede het die ambisie om te werk ^{1/2}vir die sukses van die span.^{1/2}
- Konflik kan voorkom,^{1/2} maar toewyding en eenheid is sterk.^{1/2}

Enige ander relevante feit rakende die norm stadium

Stadium (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Prestering / Werk as 'n span na 'n doelwit ✓✓

- Spanlede is bewus van strategieë^{1/2} en doelstellings van die span.^{1/2}
- Hulle het leiding^{1/2} sonder inmenging van die leier.^{1/2}
- Prosesse^{1/2} en strukture word gestel.^{1/2}
- Leiers deleger en hou toesig^{1/2} oor die prosesse en prosedures.^{1/2}
- Alle lede is nou bevoeg en in staat ^{1/2}om die besluitnemingsproses sonder toesig te hanteer.^{1/2}
- Verskille tussen lede word waardeer^{1/2} en gebruik om die span se prestasie te verbeter.^{1/2}

Enige ander relevante antwoord rakende die betekenis van prestering

Stadium (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Verdaging / Ontbinding / rou stadium ✓✓

- Die fokus is ^{1/2}op die voltooiing van die taak / die beëindiging van die projek. ^{1/2}
- Om die span op te breek, kan traumaties wees^{1/2} aangesien spanlede dit moeilik vind om weer as individue te presteer. ^{1/2}
- Alle take moet voltooi word^{1/2} voordat die span uiteindelik ontbind. ^{1/2}

Enige ander relevante antwoord rakende die betekenis van ontbinding

Stadium (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

**LET WEL: 1. Merk slegs die eerste VIER fases van spanvorming.
2. Stappe kan in enige volgorde wees.**

Maks (16)

9.4 Kriteria vir suksesvolle spanne

Interpersoonlike houdings en gedrag^{√√}

- Lede het positiewe houding van ondersteuning^{1/2} en motivering teenoor mekaar.^{1/2}
- Goeie interpersoonlike verhoudings sal werkstevredenheid^{1/2} / toename verseker in die produktiwiteit van die span.^{1/2}
- Lede is toegewyd / passievol^{1/2} om gemeenskaplike doel te bereik / doelwitte.^{1/2}
- Spanleier erken / gee krediet ^{1/2}aan lede vir positiewe bydraes.^{1/2}

Enige ander relevante feit rakende interpersoonlike gedrag Submaks (4)

Gedeelde waardes / Wedersydse vertroue en ondersteuning^{√√}

- Toon lojaliteit / respek / vertroue teenoor spanlede^{1/2} ten spyte van verskille.^{1/2}
Toon respek vir die kennis / vaardighede^{1/2} van ander lede.^{1/2}
- Voer span se take met integriteit / verantwoordelikheid / binne spanne se sperdatums uit^{1/2} met die nodige toewyding aan spandoelwitte.^{1/2}

Enige ander relevante feit rakende gedeelde waardes Submaks (4)

Kommunikasie^{√√}

- Duidelike stel prosesse / prosedures vir spanwerk ^{1/2}verseker dat elke span lid sy / haar rol verstaan.^{1/2}
- Doeltreffende / Goeie kommunikasie tussen spanlede^{1/2} kan vinnige besluite tot gevolg hê.^{1/2}
- Kwaliteit terugvoering^{1/2} verbeter die moraal van die span.^{1/2}
- Oop / eerlike gesprekke ^{1/2}lei tot effektiewe oplossings van probleme.^{1/2}
- Deurlopende hersiening van span se vordering ^{1/2}verseker dat spanlede foute regstel / pro-aktief optree om te verseker dat doelwitte / teikens bereik word.^{1/2}

Enige ander relevante feit rakende kommunikasie Submaks (4)

Samewerking^{√√}

- Duidelik gedefinieerde realistiese doelwitte word gestel,^{1/2} sodat alle lede presies weet wat dit is wat bereik moet word.^{1/2}
- Bereidwilligheid om as eenheid saam te werk^{1/2} om spandoelwitte te bereik.^{1/2}
- Werk saam met bestuur^{1/2} om span- of besigheidsdoelwitte te bereik.^{1/2}
- Stem saam oor metodes / maniere om die werk effektief te doen ^{1/2}sonder om tyd te mors met konflikoplossing.^{1/2}
- Alle lede neem deel^{1/2} aan besluitneming.^{1/2}
- Gebalanseerde samestelling van vaardighede / kennis / ervaring / kundigheid^{1/2} verseker dat spanne hul doelwitte bereik.^{1/2}

Enige ander relevante feit rakende samewerking Submaks (4)

Maks (12)

LET WEL: Merk enige DRIE kriteria.

9.5 **Strategieë vir moeilike persoonlikhede**

Besluitloos	<ul style="list-style-type: none"> • Lei hulle deur alternatiewe. $\frac{1}{2}$ • Bly in beheer en beklemtoon die belangrikheid van besluit. $\frac{1}{2}$ • Help hulle om die besluit te neem of die probleem op te los. $\frac{1}{2}$ <p>Enige ander relevante feit rakende besluitelose mense</p> <p style="text-align: right;">Submaks (4)</p>
Stil	<ul style="list-style-type: none"> • Moenie hul stilte met woorde vul nie. $\frac{1}{2}$ • Wag vir hul reaksie. $\frac{1}{2}$ • Vra hulle deur die proses sodat hulle insette kan lewer. $\frac{1}{2}$ • Beperk die tyd van die bespreking. $\frac{1}{2}$ <p>Enige ander relevante feit rakende stil mense</p> <p style="text-align: right;">Submaks (4)</p>

Maks (8)9.6 **Gevolgtrekking**

- Bestuurder kan spanne effektief laat funksioneer deur die regte hantering van konflik en griewe. $\frac{1}{2}$
 - Bestuurders moet weet hoe om moeilike persoonlikheidstipes te hanteer in die besigheid om die beste resultate te kry. $\frac{1}{2}$
- Enige ander relevante gevolgtrekking vir die onderwerp

Maks (2)
[40]**UITEENSETTING VAN PUNTE**

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	2	Max 32
Verskil konflik en grief	10	
Stadiums van spanvorming	16	
Kriteria vir assessering van suksesvolle spanne	12	
Strategieë vir moeilike mense	8	
Gevolgtrekking	2	
INSIG		8
Uitleg	2	
Analise	2	
Sintese	2	
Oorspronklikheid	2	
TOTAAL		40

VRAAG 10: SAKEBEDRYWIGHEDE (MENSLIKE HULPBRON FUNKSIE)**10.1 Inleiding**

- Werwing stel besighede in staat om mense indiens te neem waarvan die vaardighede en kwalifikasies ooreen stem met die vereistes van die pos.^{1/2}
- Gedurende die onderhoud sal die onderhoudvoerder in staat wees om kandidate te kry wat die verlangde kwalifikasies / vaardighede / moontlikhede en ervaring het.^{1/2}
- Alle opleidingsprogramme moet uitgevoer word binne die raamwerk van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.^{1/2}
- Goeie induksieprogram sal nuwe werknemers help om vinnig in te skakel.^{1/2}
- Besighede moet verseker dat induksie gedoen word voordat die werknemer begin in sy / haar nuwe pos.^{1/2}

Enige ander relevante inleiding wat verband hou met die werwingsprosedure / rol van die onderhoudvoerder voor en gedurende die onderhoud **Maks (2)**

10.2 Werwingsprosedure

- CPM / Die menslike hulpbron bestuurder (MHB) moet die taak evalueer / taakanalise opstel^{1/2} wat taakspesifikasie / taakbeskrywing sal insluit om sodoende die werwingsbehoefte te identifiseer.^{1/2} MHB moet die taakspesifikasie / sleutelprestasie areas^{1/2} aandui om sodoende die geskikte kandidaat te werf.^{1/2}
- Kies die bron van werwing bv. intern / ekstern^{1/2} om die teikenmark van die geskikte kandidate te bereik.^{1/2}
- Vakante poste kan intern geadverteer word^{1/2} via intranet / word of mouth+ / plakkate / personeelkennisgewings.^{1/2}
- Eksterne werwing moet oorweeg word^{1/2} as interne werwing onsuksesvol was.^{1/2}
- As eksterne werwing gedoen word, moet die relevante metode gekies word^{1/2} bv. werwingsagentskappe, tersiêre instellings, koerante,^{1/2} ens.
- Die advertensie moet voorberei word met die nodige inligting daarop^{1/2} bv. naam van die maatskappy, kontakbesonderhede, kontakpersoon,^{1/2} ens.
- Plaas die advertensie in die geselekteerde media^{1/2} wat sal verseker dat die beste kandidate aansoek doen. ^{1/2}

Enige ander relevante antwoord rakende die werwingsproses **Maks (10)**

10.3 Onderhoude**10.3.1 Rol van onderhouvoerder voor die onderhou**

- Die onderhouvoerder moet stel vroe ontwikkel wat gebaseer is op die verlangde vaardighede / kennis en moontlikhede wat verlang word.
 - Die onderhouvoerder moet die aansoek kontroleer / die CV verifieer en kyk of daar iets is wat die kandidaat moet toelig.
 - Bespreek en berei die lokaal vir die onderhou voor.
 - Stel datum vas vir die onderhou en indien moontlik laat dit op dieselfde datum plaasvind.
 - Stel alle kandidate op die kortlys in kennis van die datum en plek van die onderhou.
 - Stel alle lede van die onderhoupaneel in kennis van die datum en plek van die onderhou.
 - Ken aan elke kandidaat dieselfde tyd toe vir onderhou op die program.
- Enige ander relevante antwoord rakende die taak van die onderhouvoerder voor die onderhou

Submaks (8)

10.3.2 Rol van onderhouvoerder tydens die onderhou

- Staan aan elke kandidaat dieselfde tyd toe.
- Stel die paneellede voor aan elke kandidaat / aansoeker.
- Stel die aansoeker op sy gemak.
- Verduidelik die doel van die onderhou aan die paneel en die aansoeker.
- Maak notas van die antwoorde van die aansoeker vir toekomstige verwysings.
- Moenie die aansoeker mislei nie.
- Vermoed diskriminerende / kontraversionele vroe bv. om aan vrou te vra of sy gesin beplan.
- Gee kans aan die aansoeker om vroe te vra.
- Sluit die onderhou af deur die aansoeker te bedank dat hy / sy die onderhou bygewoon het.

Enige ander relevante antwoord rakende die taak van die onderhouvoerder tydens die onderhou

Submaks (8)

Maks (16)

10.4 Voordele van induksie

- Die resultate wat verkry word tydens die induksieproses is 'n basis vir gefokuste opleiding.
- Dit minimaliseer die behoefte aan voortdurende opleiding en ontwikkeling.
- Nuwe werknemers kan verhoudings bou met mede werknemers op verskillende vlakke.
- Werknemers raak vertrouwd met die organisasiestrukture van wie hulle toesighouder / lae vlak bestuurder is.
- Dit verhoog kwaliteit van prestasie / produktiwiteit.
- Geleenthede word gegee aan nuwe werknemers om die verskillende departemente te ervaar en te ondersoek.
- Nuwe werknemers sal hulle rol / verantwoordelikhede leer ken betreffende veiligheidsregulasies en reëls.
- Nuwe werknemers sal bekend raak met die uitleg van die gebou / fabriek / kantore / waar alles is / en dit sal tyd bespaar.
- Hulle leer meer van die besigheid sodat die nuwe werknemer hulle rol / verantwoordelikheid verstaan om meer effektief te kan funksioneer.
- Dit stel die nuwe werknemer meer op sy gemak en verminder onsekerheid en vrees.
- Die beleide van die maatskappy word gekommunikeer rakende die gedragskodes / veiligheids en sekuriteit / werknemerskontrakte / werksomstandighede / werksure en verlof.
- Realistiese verwagtinge word vir die nuwe werkers sowel as die besigheid geskep.
- Nuwe werknemers voel deel van die span en dit lei tot positiewe moraal en motivering.
- Werknemers sal meer ingelig wees oor die maatskappy se beleide t.o.v. etiese / professionele gedragskodes/prosedures en KSV.

Enige ander relevante antwoord rakende die voordele van induksie

Maks (12)

10.5 Implikasies van Arbeidsverhoudingewet op die menslike hulpbronsfunksie

- Werknemers kan nie maklik ontslaan word nie, omdat die prosedure van die KVBA gevolg moet word.
- Dit gee 'n raamwerk vir ontmoetings tussen werkgewers, vakbonde en werknemers.
- Die menslike hulpbronsbestuurder moet werknemers toelaat om 'n werkplekforum te stig.
- Dit bevorder ordelike onderhandelinge en deelname van werkers in die besluitnemingproses.
- Beskerm die regte van werknemers / werkgewers volgens die Grondwet.
- Bevorder ekonomiese ontwikkeling / sosiale geregtigheid en arbeidsvrede.
- Bevorder oplossing van arbeidsdispuut.
- Help met die oordra van kontrakte as besigheid onder nuwe bestuur kom.
- Maak voorsiening vir onopgeloste dispuut om na die KVBA oorgedra te word.

Enige ander relevante antwoord rakende die implikasies van WAV op menslike hulpbronne

Maks (8)

10.6 **Gevolgtrekking / Slot**

- Werknemers is die mees waardevolste hulpbronne van die besigheid en suksesvolle werwing en onderhoude speel groot rol om hulle in diens te neem. $\frac{1}{2}$
- Effektiewe induksie prosedure sal verseker dat nuut aangestelde werknemers sal hou by beleide en prosedures van die besigheid. $\frac{1}{2}$
- Die menslike hulpbron funksie moet die vaardigheidsontwikkeling koördineer en fasiliteer om te verseker dat personeel bekwaam is. $\frac{1}{2}$

Enige ander relevante gevolgtrekking rakende die implikasies van Wet op Arbeidsverhoudinge op die Menslike hulpbronnfunksie/indiensneming

**Maks (2)
[40]**

UITEENSETTING VAN PUNTE

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	2	Maks 32
Wewingsprosedure	10	
Rol van onderhoudvoerder voor en tydens die onderhoud	16	
Voordele van induksie	12	
Implikasies van die WAV op die menslike hulpbronnfunksie	8	
Gevolgtrekking	2	
INSIG		8
Uitleg	2	
Analise	2	
Sintese	2	
Oorspronklikheid	2	
TOTAAL		40